Uitnodiging

Hier kan jy baie kreatief wees!!! Jy kan jou kaartjies op verskillende maniere ontwerp. Die ontwerp en kleure kan met die tema verband hou.

John en Mandy Griesel nooi jou vriendelik uit na 'n partytjie by hul huis om tot siens te sê aan hul dogter, Melissa, wat binnekort na Engeland vertrek.

Datum:	*Saterdag 10 Januarie 2007*
Tyd:	*19:00 vir 19:30*
Adres:	*Houtstraat 18, Paarl*
Tel:	*(021) 872 6598*
Faks:	*(021) 872 0001*
E-pos:	*jgriesel@webmail.co.za*
Drag:	*Deftig-informeel*
R.S.V.P:	*20 Desember*

Onthou:

✉ **Die basiese inligting, nl. plek, tyd, datum en hoe om te reageer op die uitnodiging, bly dieselfde vir 'n formele of informele uitnodiging.**

✉ **"R.S.V.P" staan vir *repondez s'il vous plait* en beteken *antwoord asseblief*. Hierdie afkorting word dikwels gebruik om te sê vóór wanneer jy op die uitnodiging moet reageer.**

Afmerklysie (uitnodiging)		
Het jy die volgende ingesluit?	**JA**	**NEE**
Wanneer (datum) en hoe laat dit plaasvind		
Waar dit gehou word (plek en adres)		
Watter tipe kleredrag geskik is (bv. deftig of informeel, ens.)		
Wanneer die persoon moet laat weet of hy of sy die uitnodiging aanvaar		
Kontakbesonderhede (telefoon- of faksnommer, e-posadres)		